

Kategeet werkblad: 1 Augustus 2010

Teksgedeelte:

Psalm 91

Agtergrond:

Psalm 91 is geskryf na die ballingskap. Dit verwoord die teleurstelling wat mense beleef deur die lewe. Deur volksgenote en vriende aan die dood af te staan, om onderdruk te word. Om gevangenes te wees en skaars bestaansreg te hê.

Vers 1-6 is in die ritme van 'n lofpsalm geskryf, terwyl verse 7-13 in die ritme van 'n klaaglied geskryf is. Dit is 'n ironiese gebruik en kritiek sodat die hoorder moet besef dat die fokus – dit wat saak maak nie in die materiële of bloot net in die aardse lewe lê nie. Verse 14-16 is weer in die metrum van 'n lofpsalm om aan te dui dat God nooit sy kinders sal verlaat nie, dat die strewe om met God in verhouding te wees die hoogste doel is en dat by ons is in goeie en swaar tye.

Verwagte uitkoms:

Al laat die lewe ons in die steek, God laat ons nie in die steek nie.

Aksie:

- Verdeel die groep in 2 groepe
- Deel aan die groepe ballonne uit
- Groepe besluit watter waardes/dinge is vir hulle belangrik en skryf 'n waarde/ding per ballon neer
- Verduidelik aan die groepe dat die span wat die meeste ballonne oor het binne 'n gegewe tyd (5 min) die wen groep is
- Kyk hoe reageer hulle (of hulle die ander span se ballonne bars – jy kan hulle ook dalk aanhits, maar wees versigtig om nie te veel te verklap nie)
- **Moenie verklap: Dat hulle eintlik nie nodig gehad het om die ander span se ballonne te bars nie.**

Reviewing:

Onthou met die reviewing vrae dat al die klasse nie noodwendig by al die vrae kan/gaan uitkom nie. Die jonger grade gaan moontlik net die Diamante en Harte bespreek. Onthou dat die aksie en vrae die boodskap van die erediens ondersteun en daarom kan daar weer hersiening gedoen word van wat tydens die erediens gebeur het. Die vrae word gegee as 'n riglyn om by bg. Verwagte uitkoms uit te kom. Jy kan ook jou eie vrae gebruik.

Diamant vrae:

- Wat was die waardes/dinge wat op julle ballonne gestaan het?
- Wat verwag jy van iemand met daardie waardes?

Hart vrae:

- Wat het jou irriteer van die speletjie?
- Wat was lekker van die speletjie?
- Hoe voel dit as die lewe jou ballonne (drome) bars?

Skoppens vrae:

- Het jou groep se waardes gepas daarby hoe julle opgetree het?
- Het jy al gesien dat mense anders optree as wat hulle sê hulle waardes is, hoe laat dit jou voel?
- Het jy al self anders opgetree as die dinge wat vir jou belangrik is?

Klawers vrae:

- Wat is die dinge wat vir God belangrik is?
- Tree God ooit op dat Hy nie sy waardes uitleef nie?
- Wat is vir God belangriker: Dat dit met ons moet goed gaan of om 'n verhouding met God te hê?
- Wat kan ons doen wanneer ons agterkom dat die lewe ons ballonne bars?